



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## **Piet** deur Anna Emm

Piet is 'n papegaai wat by die Pretoriuse bly. Piet is al baie oud. Pappa Pretorius het hom gekry toe hy nog maar 'n klein seuntjie was – dís hoe oud Piet is.

Nes alle ander papegaaië praat Piet vreeslik baie. Soggens wanneer almal nog wil slaap, roep hy uit sy hok: "Môre! Môre!" Dan sug almal en roep: "Bly tog stil, Piet!" En wanneer Mamma Pretorius op die telefoon praat, roep Piet: "Hallo! Hallo! Wie praat nou?" Dan kan Mamma Pretorius nie hoor wat die tannie aan die anderkant sê nie. Sy raas: "Bly tog stil, Piet!"

Piet kan net soos die voordeurklokkie lui. Hy lui oor en oor, en as Babsie die bediende die deur gaan oopmaak is daar niemand. "Bly tog stil, Piet!" raas sy dan. En Piet kan ook soos die radio klink. Dan praat hy heeltyd, die héle tyd, tot Pappa Pretorius se kop heeltemal deurmekaar is van al die gepraat. "Ag, bly tog net 'n rukkies stil, Piet!" raas hy dan.

Op 'n dag praat Piet nie meer nie. Hy bly stil en sê niks. Hy sit net daar is sy hok en kyk by die venster uit. Dis heerlik stil in die huis. "Is dit nie wonderlik as Piet nie praat nie!" sê almal.

Maar daardie middag gebeur 'n vreeslik ding. Baba Pretorius het nog die een oomblik lekker op die mat gesit en speel met sy blokkies, en toe Mamma Pretorius weer kyk, is hy weg!

"Waar is die baba?" roep Mamma Pretorius uit, maar niemand weet nie. Die skuifdeur is oop, en Baba Pretorius het seker na buite gekruip toe niemand kyk nie! Almal soek na die baba. Hulle soek binne en buite, hulle soek oral, maar hulle kry hom nie. Hulle roep: "Baba! Baba! Waar kruip jy weg?"

Net toe Mamma en Pappa Pretorius sommer moedeloos is, hoor hulle iemand buite in die tuin roep: "Baba! Baba!" roep die stem. Wie kan dit wees wat so roep? Vinnig draf almal buitentoe. En raai 'n bietjie wat sien hulle?

Daar, op die tak van 'n boompie, sit Piet die papegaai en roep: "Baba! Baba!" Hy moes seker by die oop skuifdeur uitgeglim het terwyl almal na Baba Pretorius gesoek het. En raai net wie sit ónder die boompie? Niemand anders as die baba nie! Piet het hom gekry!

"Wat 'n wonderlike voël is jy nie!" roep Pappa Pretorius bly, en tel vir Piet op.


"Jy het die baba gekry!" roep Mamma Pretorius uit, en sy tel die baba op. Dan gaan maak sy vir Piet 'n baie spesiale bakkie kos, met vrugte en sade en neute – nes hy daarvan hou.

En van daardie dag af het niemand meer omgee as Piet praat nie. Niemand het meer gesê hy moet stilbly nie. En niemand het meer die skuifdeur sommer laat oopstaan nie.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Gratis inkleurprentjie

**Piet** illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

**Nuus uit die kantoor**

## **Anna-Mart van der Merwe lees ons kinderstories!**

Aktrise, Anna-Mart van der Merwe, het onlangs haar stem by ander bekende akteurs gevoeg toe sy agter die mikrofoon ingeskuif het om vier van Anna Emm se kinderstoriesop te neem!

Hierdie CD, "Vier Konings", het sopas verskyn, en bevat vier lekkerluister-kinderstories voorgelees deur Anna-Mart van der Merwe. Dit gaan oor 'n kasteel in die land van Verfenoffel wat besluit om te adverteer vir 'n nuwe koning... met skreeusnaakse gevolge! Ontmoet konings soos Koning Derde-lappie, Koning Ligte-rapsie, Koning Grote-knetter, en Koning Dankbaar-en-sonskyn – soos net Anna-Mart hulle kan laat lewend word!

Anna Emm het al die afgelope paar jaar meer as 2000 Afrikaanse kinderstories geskryf en vrygestel op CD, DVD of in boekvorm, en behalwe Anna-Mart van der Merwe, het akteurs soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Deon Lotz, Vicky Davis en Dorette Potgieter ook al van haar stories op CD opgeneem.

**Vir meer inligting oor die "Vier Konings" CD of Anna Emm se ander kinderstories-produkte, besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) Of kontak 021 930 0908 gedurende kantoorure. Epos: [mail@annaemm.co.za](mailto:mail@annaemm.co.za)**

